
07
PINKSTER
Jaargang 24 | 8 Mei 2026

# VRY POS



LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk
Vrystaat



# Celicia McLean
# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Mariëtte Odendaal - Hanneke Lubbe | Stéphan van der Watt
Enrico Casaleggio | Andries Gous | Mariëtte Odendaal - Jan de Man | Elmarie Els-Hammann
Leon M Foot | Stefan Malan | *CLF* | *Kerkbode*
*Bybel-Media* | *Engo* | *Bybelgenootskap SA*

## PINKSTER

Op Pinkstersondag vier die kerk die uitstorting van die Heilige Gees ná Christus se hemelvaart. Die Heilige Gees het in die vorm van vuurtonge, en die gawe om in tale te praat, oor die dissipels gekom. Die Geesvervulde dissipels, voorheen aan die treur oor Jesus se weggaan, is op hierdie dag met blydskap in beweging gebring om die nuus van Jesus se opstanding met die hele wêreld te deel. Pinksterdag word ook as die ontstaan van die kerk beskryf. Die woord *Pentecost*, is afkomstig van die Griekse woord *pentekoste* wat "vyftigste" beteken.

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 22 Mei** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke - narratiewe van 'n nuwe normaal: Diabetes Mellitus Tipe 1 (DMT1) - Wanneer balans daagliks weer gevind moet word*

## ARTIKELS 05

05 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | Gerontologie Netwerk
**Mariëtte Odendaal - Hanneke Lubbe** | *'n Geliefde is sterwend – wat nou?*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: RCJ vier 80 jaar!*

08 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam Getuienisaksie
**Enrico Casaleggio** | *Islam se politieke sy*

09 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

11 | **DIENS VAN BARMHARTIGHEID** | Gemeentes
**Mariëtte Odendaal - Jan de man** | *"Kom jag hier en maak 'n verskil!"*

12 | **ALGEMEEN** | Engo Kinder- en Jeugsorgsentrums
**Elmarie Els-Hammann** | *Vryheidsdag 2026: 'n Dag van menswaardigheid, verbondenheid en sosiale verantwoordelikheid*

## MEDIATEEK 13

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek:*

Claudio Carvalhaes
***Liturgies from below***

Steve Corbett & Brian Fikkert
***When helping hurts – How to alleviate poverty without hurting the poor ... and yourself***

## VERJAARSDAE 15

## EKOLOGIE 16

**Mariëtte Odendaal** | *Rentmeesters van die skepping*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 17

**17** | CLF - Pinksterreeks 2026
**18** | Projek WinterHoop 2026
**19** | Advertensies

## OPLEIDING 21

## KERKBODE BROKKIES 22

## PUBLIKASIES 23

## WAT'S NUUS? 24
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 25

**Stefan Malan** | *Betree die ruimte tussen gawe en nood*

## KONTAK ONS 26




# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van 'n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

**Jou reis met kroniese siekte is ons prioriteit**

### Diabetes Mellitus Tipe 1 (DMT1)

*Hierdie artikel bied informasie vanuit **Kroniese Kronieke** se voortgaande navorsing oor die persoonlike ervaring van kroniese siekte met die fokus op selfbestuur, versorger-ondersteuning, professionele begeleiding en die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siektes leef. Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskap en persoonlike verhale in gesprek gebring.*

***Dr Suzanne van der Merwe, besigheidshoof en woordvoerder van Kroniese Kronieke** in samewerking met **Charl van der Merwe, navorsingsdeelgenoot van Kroniese Kronieke**.*

### Wanneer balans daagliks weer gevind moet word

Diabetes Mellitus Tipe 1 is 'n kroniese outo-immuunsiekte waar die liggaam ophou om insulien te produseer – 'n hormoon wat noodsaaklik is vir die regulering van bloedsuikervlakke. Anders as leefstylverwante toestande ontwikkel dit dikwels skielik en vereis dit lewenslange, daaglikse bestuur. Die impak strek verder as daaglikse monitering van bloedsuikervlakke. DMT1 beïnvloed daaglikse ritme, energie, emosies en die manier waarop 'n mens jou liggaam leer ken en vertrou.

**Lees** meer »


God roep jou ...
07 - 09
AUGUSTUS | Menuha
Ds Louwrens Scheepers
vb
VROUEBEDIENING
NG Kerk
Vrystaat

# ARTIKELS
## UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING
Gerontologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

***Foto:** Hospice Bloemfontein (verskaf)*




# ’n Geliefde is sterwend – wat nou?

## *’n Perspektief op einde-van-lewe versorging*

Dalk het jy al na die Netflix-reeks, **The Big C**, gekyk, waar die saamleef met fase vier-kanker en die effek daarvan op die lyer en haar naasbestaandes uitgebeeld word – meestal met ’n goeie skeut humor daarby. Jy besef algaande hoe min ons eintlik weet van hoe terminaal-siek mense die situasie ervaar en hoe om hulle by te staan.

> *“Dis moeilik om net teenwoordig te wees, om toeskouers van seer en rou emosies te wees. Dis egter ook juis in hierdie oomblikke van diep en eerlike belewenisse wat daar ’n potensiaal vir transformasie moontlik is – waar heling op ’n ander vlak kan plaasvind.”*
>
> **Hanneke Lubbe**
> Bestuurder: Hospice Bloemfontein

Hierdie noodsaaklike bystandsdiens aan sterwende persone vereis natuurlik spesialis-opleiding; iets waaraan Hanneke Lubbe van Bloemfontein by uitstek voldoen. Ons het meer by haar oor hierdie belangrike onderwerp gaan uitvind.

### Hanneke, vertel ons asseblief meer van die soort opleiding wat jy moes ondergaan.

“Daar is meer as net een soort opleiding wat op einde-van-lewe versorging fokus, maar die pad wat ek gevolg het, het eintlik ontwikkel soos wat ek meer in hierdie veld betrokke geraak het. “Nadat ek vir vyf jaar as ’n lid van die *Spiritual Care*-groep by die **St. Luke’s Hospice** in Kaapstad gewerk het, het ek na my tuisdorp, Bloemfontein, terug-gekeer waar ek in 2017 ’n medestigter van **Hospice Bloemfontein** was.

**Lees** meer »

GELUKKIGE

# Moedersdag

**Moedersdag herinner ons aan die stille krag van liefde,**
**geloof en opoffering wat moeders elke dag uitleef.**
**Aan elke ma, ouma, geestelike moeder en vrou**
**wat met ’n moederhart liefhet en versorg — *dankie*.**
**Mag die Here jou vandag seën met vrede, vreugde en nuwe krag.**





NG Kerk
Vrystaat

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## RCJ VIER 80 JAAR!

### *Soek allereers die Koninkryk van God*

Ons het 5 tot 6 Mei, met 'n reuse saamtrek van meer as 800 entoesiastiese gelowiges — in Zentsūji (Shikoku eiland) — die 80ste bestaansjaar van die Christelik Gereformeerde Kerk in Japan (RCJ) gevier. Wat 'n belewenis! Die tema is gerig op God se koninkryk. Hieronder volg die inleiding tot 'n spesiale herdenkingsverklaring wat ons saam bely en beliggaam.

**Christelik Gereformeerde Kerk in Japan (RCJ) - 80ste Herdenkings-verklaring**

"Soek eerder sy koninkryk." (Lukas 12:31) — dit is die bevel van ons Here Jesus.

***Video:*** *Kyk en deel ook die kort* ***video*** *hieronder en vier saam met ons God se getroue liefde en sorg oor agt dekades heen (verskaf).*




Die "Koninkryk van God" is ons hoop, omdat die belofte van oorwinning in die Koninkryk van die Here Jesus Christus — die Koning wat die dood oorwin het — die bron is van die ewige lewe, onbeperkte vasberadenheid en bemoediging, en onfeilbare krag. "Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit goedgevind om die koninkryk aan julle te gee." (Lukas 12:32) Lees **HIER** verder.

**Lees** hier »

***Foto:*** *verskaf*



# ISLAM

## Islam se politieke sy

In aansluiting by die vorige artikel, waar ons gekyk het na die Pan-Islamitiese oorlog wat op die oomblik woed in en om die Persiese Golf en die Straat van Hormuz, sal dit goed wees om ook te kyk na die politieke sy van Islam. Party het al gesê dat Islam eintlik nie 'n godsdiens is nie, maar 'n politieke beweging wat 'n godsdiens het. Dit is waarskynlik te sterk gestel, maar dit is tog belangrik dat ons ook na hierdie aspek van Islam kyk.

Zohran Mamdani is in 2026 ingesweer as die burgemeester van New York. Hy is New York se honderd en twaalfste burgemeester en die eerste wat 'n Moslem is. Hy is derhalwe ook die eerste burgemeester van New York wat, met sy hand op 'n Koran, ingesweer is – nie op die Bybel nie. Daar is ook 'n aantal stede in Engeland waarvan die burgemeesters Moslems is. Die doel van hierdie artikel is nie om hierdie verskynsel as goed of sleg te beoordeel nie, maar om te sien dat politieke uitbreiding nog altyd deel van Islam se strategie van totale uitbreiding was.

Medina is naas Mekka die mees heilige stad vir Moslems. Vandag word geen persoon daar toegelaat wat nie 'n Moslem is nie. Mohammed het in 622 nC uit Mekka daarheen gevlug. Wat meeste mense egter nie weet nie, is dat Mekka op daardie stadium 'n stad was wat in die eerste plek deur die Jode bewoon is. Daar was drie groot Joodsde groepe, naamlik die *Banu Nadir*, die *Banu Qaynuqa* en die *Banu Qurayza*.

Toe Mohammed na dié stad (die Hijra) verskuif het, het hy die *Grondwet van Medina* ingestel - 'n verdrag wat aanvanklik die Joodse stamme as deel van die gemeenskap ingesluit het met die regte om hul godsdiens te beoefen. Na politieke en militêre konflikte met Mohammed is die Joodse stamme egter uiteindelik verban of uitgewis, en die stad is hernoem na Madinat al-Nabi ("Stad van die Profeet"), uiteindelik verkort tot Medina.

Hoewel Mohammed 'n godsdienstige leier was, was sy oorname van Medina die duidelike aanvang van sy rol as *politikus*. Sy vroeë optrede toon verskeie strategiese *politieke oogmerke*, byvoorbeeld die vestiging van 'n verenigde gesag. Voor Islam is Medina geteister deur 'n burgeroorlog. Deur sy rol as politikus het Mohammed politieke mag in homself gesentraliseer en deelname deur stamme in die besluitnemingsproses met 'n enkele wetlike gesag vervang.

Een van die mees radikale politieke verskuiwings was die oorgang van 'n samelewing gebaseer op afkoms (volk of nasie) na een gebaseer op ideologie. Die Grondwet van Medina is reeds as voorbeeld genoem. Hierdie dokument het alle deelnemers wetlik gedefinieer as een Ummah (gemeenskap) vir die doeleindes van verdediging en burgerlike orde.

Die historikus Bill Federer,[1] in 'n artikel "*Historian Bill Federer argues Islam functions as a political-military system incompatible with the Constitution*", het na aanleiding van Mohammed (en Islam) se oorname van Medina 'n raamwerk gekonstrueer wat hy die "immigreer, vermeerder, elimineer"-raamwerk noem.

**Lees** meer »

*[1] https://kimmonson.com/news/historian-bill-federer-argues-islam-functions-as-a-political-military-system-incompatible-with-the-constitution/*

*'n Reeks Islam-artikels. Hier is 'n artikel oor Islam se politieke aspirasies.*

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### DEGNOS se bediening getuig van God se trou te midde van uitdagings

Die week ná die viering van Paasfees was vir die DEGNOS-bediening 'n tyd waarin medewerkers en gemeentes opnuut herinner is dat ons 'n Voorspraak het wat volkome mens én volkome God is. Te midde van uitdagings, siekte, opleiding, uitreike en bediening in moeilike omstandighede, het die Here se trou en voorsienigheid telkens duidelik na vore gekom.

### Gebed vir ds Regina

Een van die grootste bekommernisse die afgelope tyd was die gesondheid van ds Regina. Sy is na Windhoek oorgeplaas en later in die Sentrale Hospitaal opgeneem. Aanvanklik kon daar nie kontak met haar gemaak word nie, en die onsekerheid oor haar toestand het groot kommer veroorsaak. Tracey het later na Windhoek vertrek om haar persoonlik te besoek.

Dokters het bevestig dat ds Regina met kanker gediagnoseer is wat reeds ver versprei het. Daar was aanvanklik planne om haar terug na Grootfontein oor te plaas, maar verdere prosedures is later in Windhoek oorweeg. Medewerkers het getuig hoe Psalm 139 tydens besoeke saam met haar gebid is – 'n herinnering dat die Here elke tree van haar pad ken.

DEGNOS versoek gelowiges om steeds vir ds Regina en haar familie in gebed te dra.

### Teologiese opleiding en toerusting

Teologiese opleiding het steeds 'n belangrike fokus van die bediening gebly. Die Namibiese kerk het voortgegaan om saam te worstel met sake rondom teologiese opleiding, lidmaatbemagtiging, herderskap en die rol van die ampte van lidmaat, diaken en ouderling. Daar is gevra dat gelowiges saam bid vir wysheid, nederigheid en 'n dienskneg-hart in die bediening van die Here se liggaam.


**Lees** meer »



NG Kerk Vrystaat

# Barend Wessels
## Gedenksentrum







## MEENTHUISE
# TE HUUR

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuiskompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

**HUURBEDRAG**

**R8,380** / MAAND

**MEENTHUIS SE LIGGING**

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

**KENMERKE**

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING** ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
Gemeentes
*Mariëtte Odendaal*

***Foto**: Verskaf deur dr Jan de Man*



# "Kom jag hier en maak 'n verskil!"

*"Die oorsese jagters het dit so positief ervaar dat hulle dit graag wil uitbrei. Ons het binnekort weer so 'n jagtog op hande en die jagters praat alreeds van 28 mense wat hulle dan graag in diens sal wil neem. Dit sal ons help om nog meer werklose mense uit die groter Viljoensdrif-omgewing asook Kragbron en Taaibosspruit te betrek en te help."*

***Dr Jan de Man***
*Leraar: NG Gemeentes Viljoensdrif en Taaibosspruit*

Was jy al saam met jou pa en sy jagtersvriende op 'n vroeë wintersoggend in die veld op jag, terwyl die son nog laag in die slierte mis lê? Julle stap versigtig in een lyn langs mekaar met 'n skaflike spasie tussen elkeen; geweerlope grond toe gerig. Die opwindende afwagting bind julle as groep saam – daar is 'n samehorigheid en jy as jongmens voel jy word geag, want jy is nou ook deel van dié groep.

As jy as werklose in 'n baie klein gemeenskappie deel van so 'n groep word, voel jy jy word raakgesien – jy is iets werd. Én jy kry boonop die geleentheid om te werk en jou eie geld te verdien! En dis presies wat dr Jan de Man, predikant van die twee gemeentes Viljoensdrif en Taaibosspruit in die Ring van Vaalrivier, Noord-Vrystaat, doen. Ons het meer gaan uitvind.

## Jan, hoe het jy by die jagtersprojek betrokke begin raak?

"Sowat tien jaar gelede het ek, in samewerking met die breër jagtersgemeenskap, jagtydskrifte en heelparty ander borge, met 'n projek begin waardeur ons ons passie vir jag met kinders sou deel; kinders wat om watter rede ook al nooit die kans sou kry om te jag nie.

Lees meer

# Vryheidsdag 2026

## ’n Dag van menswaardigheid, verbondenheid en sosiale verantwoordelikheid

ALGEMEEN
Maatskaplike werker by Engo
Kinder- en Jeugsorgsentrums
*Elmarie Els-Hammann*

***Persverklaring**: Vrystelling op 23 April 2026*

***Foto’s**: Canva*



Op 27 April 2026 het Suid-Afrika weer Vryheidsdag gevier, ’n dag wat vir baie mense diep simboliese betekenis dra. Alhoewel die dag histories geanker is in belangrike gebeure, bied dit ook ’n waardevolle geleentheid om vanuit ’n maatskaplike oogpunt te reflekteer oor wat vryheid vandag werklik beteken in ons gemeenskappe.

Vryheid is nie net die afwesigheid van beperking nie; dit is die teenwoordigheid van menswaardigheid, geleenthede en ondersteuning. Dit word sigbaar in die alledaagse lewens van mense, in hoe veilig iemand voel in hul eie huis, of ’n kind toegang het tot kwaliteit opvoeding, of ’n gesin genoegsame ondersteuning het om uitdagings te hanteer. Wanneer hierdie elemente ontbreek, raak vryheid ’n abstrakte konsep eerder as ’n werklikheid.

In baie gemeenskappe bly sosiale uitdagings ’n groot realiteit. Armoede, werkloosheid, gesinsgeweld, middelmisbruik en verlies beïnvloed steeds die welstand van individue en gesinne.

Hierdie uitdagings raak nie net volwassenes nie, maar het ’n direkte impak op kinders en jongmense. Kinders wat grootword in onstabiele omgewings ervaar dikwels onsekerheid, angs en ’n gebrek aan hoop, faktore wat hul ontwikkeling en toekomsvooruitsigte kan beïnvloed.

Vanuit ’n maatskaplike perspektief is dit daarom noodsaaklik om te erken dat vryheid ook beteken om kwesbares te beskerm en te ondersteun. Dit vra van gemeenskappe om aktief betrokke te raak en om nie weg te kyk van nood nie. Ware vryheid groei waar mense mekaar raaksien, mekaar se menswaardigheid erken en bereid is om saam oplossings te bou.

Gesinne vorm die kern van hierdie ondersteuningstelsel. Dit is in die huis waar kinders hul eerste begrip van veiligheid, liefde en aanvaarding ontwikkel. Wanneer ouers en versorgers bewustelik tyd maak vir oop en eerlike gesprekke, skep dit ’n ruimte waar kinders hul emosies kan verwerk en verstaan.

**Lees** meer »

# KOM, LEES 'N BOEK


## Claudio Carvalhaes
### *Liturgies from below*

Lei aanbidding in liturgiese solidariteit met mense wat ly. ***Liturgies from below*** is 'n versameling gebede en liturgieë wat gesamentlik geskryf is in plekke van armoede, geweld, onderdrukking en omgewings-verwoesting. Cláudio Carvalhaes het, met die ondersteuning van Christian World Mission, bydraers van regoor die wêreld gelei om saam met mense op elke plek te leef en te aanbid. Saam het hulle hierdie gebede geskep wat liefde, berou, hoop, vreugde, woede, vrae en pyn uitdruk, wat die uitroepe van menslike harte oral weerspieël. Hierdie boek is vir pastors en ander leiers om te gebruik in eredienste of ander byeenkomste. Dit sluit gebede en liturgiese elemente in vir elke deel van aanbidding, insluitend die Doop en Nagmaal.

## Steve Corbett & Brian Fikkert
### *When helping hurts – How to alleviate poverty without hurting the poor ... and yourself.*

Om mense vry te maak en toe te rus om die armes effektief te help, vereis bekering en die besef van ons eie gebrokenheid. ***When Helping Hurts*** artikuleer 'n Bybels-gebaseerde raamwerk oor die oorsake van armoede en die verligting daarvan. 'n Pad vorentoe word gevind, nie deur hulpbronne aan die armes te verskaf nie, maar eerder deur saam met hulle in nederige verhoudings te wandel. Of jy nou betrokke is by korttermyn-sendings of die langtermyn-bemagtiging van die armes, hierdie boek help jou om drie sleutelareas te leer:

- *Grondslagkonsepte* (Wie is die armes?)
- *Beginsels* (Moet ons noodleniging, rehabilitasie of ontwikkeling doen?)
- *Strategieë* (Hoe kan ons mense effektief hier en in die buiteland help?)




*Oorgeneem uit: www.amazon.com*

'n Bykomende twee hoofstukke en 'n gevolgtrekking sal jou help om die lering op jou situasie toe te pas en die volgende stappe vinniger te neem. Dit is jou beste manier tot 'n ware begrip van armoede en 'n plan om 'n verskil te maak. "David Platt: Ek het nog nooit 'n beter boek gelees oor die praktiese diens aan die armes nie, en ek bid dat God hierdie nuwe uitgawe sal gebruik om Sy mense toe te rus om Sy doeleindes te bereik in 'n wêreld van dringende geestelike en fisiese nood tot eer van Sy groot Naam."

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**


*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# NOU BY CLF BESKIKBAAR!

# DieBybel @kinders @R449

**DieBybel@kinders, waarvan méér as 50 000 eksemplare al verkoop het, is in maklike Afrikaans deur kundige Bybelvertalers vertaal - spesiaal vir kinders!**




- 'n Kort opsomming aan die begin van elke Bybelboek.
- Die Bybelboeke is in korter dele ingedeel met opskrifte
- Korter sinne en eenvoudige woorde vir makliker lees
- Ideaal vir voorlees, maar net so reg vir selflees

## Koop aanlyn of besoek jou naaste CLF Boekwinkel ---> shop.clf.co.za

# VERJAARSDAE

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS
## GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**MEI**

| | | |
|---|---|---|
| 19 | Ds Ronel Coertzen | FOURIESBURG |
| 21 | Ds Braam van Zyl | HEILBRON |
| 22 | Mev Helena Smit | SINODALE KANTOOR |

*- Lekker verjaar -*



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Rentmeesters van die skepping

In Psalm 24:1 word ons duidelik as die opsigters of rentmeesters van die aarde beskryf. Ons het dus as Christene 'n ernstige verantwoordelikheid om in alle opsigte die skepping te bewaar en te respekteer.


Die Vrystaat is een van die mooiste provinsies in ons land en staan bekend vir sy dramaties gekleurde sandsteenkranse van die Golden Gate Hoogland Nasionale Park, die majestueuse Oos-Vrystaatse Witteberge en Rooiberge, die skilderagtige Maluti-roete en die uitgestrekte Vrystaatse grasvlaktes.

Ons ken egter ook die belangrikheid van water en die impak wat droogtes en natuurrampe soos veldbrande op landbougebied en gevolglik op baie van ons gemeenskappe het.

## So, wat staan ons te doen?

**Lees** meer »


Pinksterreeks / Pentecost series
2026
CLF
ONTWRIG DIE VERDEELDHEID
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af
Download it from CLF's Resource centre
: https://clf.co.za/resource-toolkit/


CONGRATULATIONS TO THE AMDT PRIZE FUND WINNERS
Vind God in die gewone
TOM SMITH
CARE FOR AFRICA
Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice
Proud
Tom Smith
Jacques Beukes, Hassan Musa, Fay van Eeden, Mias van Jaarsveld
Mark James


WINNER
CARE FOR AFRICA
Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice
SPECIAL OFFER
60% OFF
Limited stock available
Get your copy today for only
R150
Available at all CLF Bookshops
or buy it online - shop.clf.co.za


WinterHope
2026
has begun
WINTER
HOPE • HOOP
Winterhoop
ABSA
632 005
Savings Account
906 892 5251
https://winterhoop.org/drop-off-points/t




TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
info@toibo.org.za 076 143 6961
WINTERHART VAN HOOP
April tot Julie
www.
toibo.org.za
Die winter kruip nader en die harde waarheid is dat **856 kinders** gehelp moet word met warm klere sodat hulle kan skoolgaan.
Jou **kontantdonasie** of skenking van winter-skoolklere, skoene, musse, serpe en handskoene kan warm lyfies in die skoolbanke verseker.
ABSA TJEK REK 020 840 145
TAKKODE 632005 VERWYS: WARMLYFIE
Matt 25:40



Gee aan elke kind
'n eerste
Jesus-storie
BYBEL BOU BLOKKE
deur BYBEL-MEDIA




Gee soos
Jesus
www.bybelmedia.co.za
CHRISTUS EN DIE KRUIS




Home
Content
Shop
Profile
Support
Log out
KERKMUSIEK
Doen meer met
www.missio.org.za





Engo Kinder- en Jeugsorg bied aan
Meesterstuk 5
DIE LEWE IS IN LIED
iet die aand saam met ons Jeugsorgsentrumkinders en Cezanı
Mei 2026 from 17:30
rds & Lace
r persoon & R3000 per tafel
vir Marinique 073 566 0078
Engo
KONSERT • VEILING • ETE
www.engo.





BIOFORUM
ROSE RU
TEN BATE VAN :
Saturday, 9 May 2026
Olive Ridge School -
Urth Lifestyle Centre
ber gerus Vrydag en Saterdag by ons Engo-stalletjie – da
Engo kouse te koop wees en Cruise for a Cause kaartjies
www.engo.co.za




Engo
Cruise for a Cause
N AN ALL-INCLUSIVE MSC
UISE TO THE PORTUGUESE ISLANDS
14 December 2026
num of R50 donation
ng date: 30 September 2026
of winner by 23 October 2026
Tickets available online at www.engo.co.za
or at any participating Engo programme.
MSC CRUISES

IBhayibheli lami
lokwenza nokufunda
Incwadi-2
Little Hearts
GROW IN THE WORD
www.biblesociety.co.za

Support the translation of
INDIGENOUS BIBLES
with deep linguistic roots
www.biblesociety.co.za




IsiZulu
IBHAYIBHELI
ELINGCWELE
2020 TRANSLATI
R254
Complete Bible, medium size,
black hardcover with red-ed
cross references, footnotes
and maps.
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa
www.bibleshop.co.z

## ouditorium te huur





# BYBELHUIS BLOEM

Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word

- Billike fooie ✓
- Veilige parkering ✓
- Klank en beeld ✓
- Privaat of besigheid ✓



**BESPREEK NOU**

051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE







**12 Mei**

2 VBO-punte

Sessie 4: Narratiewe Pastoraat met dr Ben Joubert




**14 Mei**

10 VBO-punte

Vanuit Nuwe Testament: Die Gees en Paulus




**10 Junie**

5 VBO-punte

Die digitale impak op kinders en jongmense



**21 Mei**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Antonius* met Lisel Joubert



**23 Julie**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Edith Stein met Lis*el Joubert



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Oscar Romero* met Lisel Joubert

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES


Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Karen Zoid aan gemeentes: Dankie dat julle julle deure oopmaak, nie net vir die heiliges nie, maar vir die soekendes

*4 Mei 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Annabelle Lombard*




Andrew Murray-Desmond Tutu-Prysfonds: Tom Smith wen groot en twee nuwe toekennings sien die lig

*1 Mei 2026*
*Kerkbode, Verklarings*



Pelgrimstog van Hoop: Ds Nico Swart word eerste pelgrim wat van Jeffreysbaai tot Agulhas stap (800 km)

*30 April 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Le Roux Schoeman*



"Julle storie is kompleks maar diepgaande' – Kerkleiers aan SA ná besoek wat op verklaring uitloop

*29 April 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*




Kollig-podsending | 'Ons moes uiting gee oor wat dit beteken om in Jesus Christus te glo, Hom na te volg en wat dit beteken om gereformeerd te wees' – Prof Allan Boesak oor Belhar-belydenis

*29 April 2026*
*Kerkbode, Nuus*



'Hoe volg ons die Evangelie tot by die plekke waar daar onderdrukking en onreg is?'

*28 April 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

BM Bybel-Media

# Moedersdag



## Die Krag van 'n Biddende Vrou




R39 »

### Gebedeboek

Ontdek die kragtigste manier waarop jy jou man kan liefhê terwyl jy leer om vir God se beste te bid in sy elkedagse lewe. 60 gewilde gebede van topverkoper-outeur Stormie Omartian dien as beginpunt om God te vra vir wysheid en bemoediging in jou huwelik. Elke gebed fokus op 'n spesifieke aspek van die man-vrou-verhouding – sy werk, vrese, gesondheid, prioriteite, ouerskap, toewyding aan God, en nog ander relevante onderwerpe – en sluit 'n teksvers in wat jou die hele dag kan bybly. Elke gebed het ook plek vir persoonlike gebedsnotas. Die krag van 'n biddende vrou sal elke vrou uitdaag om in gebed na God te draai vir 'n suksesvolle huwelik en om die krag van 'n biddende vrou te ervaar.

## My hart se baie punte





R110 »

### Hartstories vir elke ma

Wanneer jy Lizette Murray se skryfwerk lees, word al jou sintuie betrek. Maar dis veral jou hart wat sy aanraak. Met *My hart se baie punte* vang Lizette doodgewone momente in haar lewe in woorde vas. Sy put uit die bekende: haar saamleef met haar geliefdes, haar kinders, haar kleinkinders en ander kosbare mense wat haar pad kruis. Lizette raak jou keer op keer diep aan met haar lewenswysheid, haar fyn insig in die harte van ander, haar geloof, haar liefde vir mense en die besonderse manier waarop sy die wêreld waarneem en dan in woorde weergee. Mag hierdie bundel skryfwerk jou vars en nuut laat kyk, soos 'n kind. Sodat jy jou kan verlustig in die klein dingetjies, en met eenvoud na die lewe kan kyk.

## Jy is 'n ma duisend




R160 »

### Ontmoet God in die chaos van ma-wees

As jy ooit wonder of jy, die ma van jong kinders, genoeg is – hiér is 'n boek vir jou! In 31 eerlike en bemoedigende *essays* deel Francine Prins en Maryke Hansen stories uit hulle eie lewe as ma's. Hulle stories is nie glansfoto's van perfekte ma-wees nie, maar vertel van egte oomblikke van lag én trane, van geloof, hoop en liefde – sommerso tussen die koekiekrummels op die bank, histeriese huilbuie, oorvol wasgoedmandjies, onderbroke slaap, speelgoed wat oor die vloer gesaai lê, kos wat wil-wil aanbrand en gebede wat halfpad onderbreek word.

# WAT'S NUUS?

## KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

### Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

### Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

**VAKATURES**

vakatures@tydskrifte.co.za

**AMPTELIK**

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Dr Suzanne van der Merwe** van NG Gemeente Kroonstad-Noord is na NG Gemeente Universitas-Wes, Bloemfontein, beroep. **Ds Stephan Swart** van NG Gemeente Bethlehem-Efrata is na NG Gemeente Calvinia beroep. **Ds Riekie Wilken** van NG Gemeente Dealesville is na NG Rustenburg-moedergemeente beroep, en het die beroep aanvaar. Haar aanstelling tree op 1 Julie 2026 in werking.

**EMERITERING** | **Ds Jan Louis Reynders**, leraar van NG Gemeente Bloemheuwel, het sy Akte van Demissie by Emeritering ontvang ingang 30 April 2026.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



***Foto:*** *Ds Stefan Malan (verskaf)*

ALGEMEEN
Leraar van NG Gemeente Heuwelkruin
*Ds Stefan Malan*

# Betree die ruimte tussen gawe en nood

Die woord "moegheid" verdien na my mening 'n plek op die podium by die prysuitdeling vir woord-van-die-jaar. Ons ken dit maar alte goed en gebruik dit daagliks om 'n verskeidenheid ervarings te beskryf wat wissel van fisieke tot geestelike moegheid.

Een so 'n soort moegheid is die verskynsel wat kenners as medelye-uitputting (*compassion fatigue*) beskryf. Dit volg tipies op 'n gevoel van oorweldiging wanneer die nood, probleme, uitdagings, seer en krisisse van die wêreld ons oorrompel. As gelowiges wil ons natuurlik 'n verskil maak op hierdie plekke. Ons wil sulke situasies en die gevolge daadwerklik aanspreek, 'n bydrae lewer in 'n poging om 'n bietjie hoop in te dra op plekke wat donker lyk en voel.

Mense wat hulself in sulke situasies bevind, word so maklik van hul hoop beroof.

Daar is natuurlik legio voorbeelde van organisasies, kerkgroepe, gemeentes en individuele gelowiges wat daadwerklike lig bring in die duisternis rondom hulle. Tog ken ons ook verhale waar die stortvloed van nood eerder die teenoorgestelde uitwerking op mense het. Hulle word lamgelê deur die besef dat hul bydrae tot die verligting daarvan te gering is en geen noemenswaardige bydrae kan lewer in die opvul van die swart gat met die naam Nood nie.

In sulke tye word die maatemmer waaronder ons lig weggesteek kan word 'n wesenlike versoeking. Met ons barmhartigheid in sulke vaarwaters is dit goed om van 'n man met die naam Epafroditos te hoor.

Al lees ons net in 'n paar verse in Paulus se brief aan die Filippense van hom, spreek sy voorbeeld boekdele.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*